Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 10 September 1952. Prys 3d. Nr. 41.

# STRYDOM-BLAD SÊ REPUBLIEK IS AL OPLOSSING NOU

**Na aanleiding van die toestand wat ontstaan het ten gevolge van die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof, wat die regering se wet op die Hoë Hof van die Parlement ongeldig verklaar het; en na aanleiding van die Eerste Minister se verklaring op 'n vergadering van sy party dat Suid-Afrika nou op die kruispad staan, het Die Transvaler, lyfblad van mnr. J. G. Strydom, leier van die Nasionale Party in Transvaal, in 'n hoofartikel op 1 September verklaar dat „daar vir ons net een pad oopbly" — nl. „deur 'n vrye republiek buite die Statebond tot stand te bring."**

**Die Ossewabrandwag verwelkom van harte hierdie uitspraak van mnr. Strydom se lyfblad. Dit is die regte leiding. Trouens dit is die leiding wat die Ossewabrandwag al die tyd nog aan die Afrikanervolk gegee het. Dit is baie betekenisvol dat die mondstuk van die Nasionale Party van Transvaal nou hierdie standpunt in sy kolomme bepleit. Die Ossewabrandwag verbly hom in die hoop dat die hele Nasionale Party eersdaags sal erken dat die pad na die vrye republiek buitekant die Britse Statebond die enigste pad is wat uit die huidige konstitusionele doolhof lei. Laat die volgende verkiesing 'n republikeinse verkiesing wees!**

Reeds op 2 April 1952, nadat die Appèlhof die regering se wet om kleurlingkiesers op aparte kieserslyste te plaas ongeldig verklaar het, het Die O.B. geskryf:

### KAR VOOR DIE PERD

„Bloed is dikker as water. Daarom spreek dit vanself dat die Ossewabrandwag meegevoel het met die regering wat op die oomblik tussen die duiwel en die diep blou see verkeer as gevolg van die ernstige konstitusionele krisis wat hy ontketen het, en nou nie kan oplos nie. Maar die waarheid is darem ook dat die Ossewabrandwag die regering gewaarsku het dat hy die kar voor die perd span . . . en dat die regering nie wou luister na die goeie raad nie.

**„Die Ossewabrandwag het voortdurend gewaarsku dat die Afrikaner die kleurvraagstuk in ons land nie sal oplos solank Suid-Afrika 'n Britse Koninkryk is nie en dat oplossing bowendien onmoontlik is binne die raamwerk van die party-stryd. Daarom, so het die Ossewabrandwag betoog, moet die regering eers die republiek (op die model van die voormalige Boererepubliek) na vore bring; en daarna kan die kleurvraagstuk deur die hele blankedom en ooreenkomstig republikeinse tradisie opgelos word."**

### STEM SAAM

Ten slotte het Die O.B. verklaar: „Indien die regering die bestaande grondwetlike krisis ten gunste van die Afrikanervolk wil oplos deur 'n republiek uit te roep sal die regering op die daadwerklike steun van die Ossewabrandwag kan reken."

Die Transvaler stem klaarblyklik nou met die Ossewabrandwag saam. Die blad skryf: „In hierdie stryd moet ons volstrekte vryheid hê om op te tree soos die volk wil. **Daarom is die stryd om die behoud van die blanke beskawing onlosmaaklik verbonde aan die stryd om volslae staatkundige onafhanklikheid en soewereiniteit. Die twee gaan hand aan hand."**

Dit is volkome korrek. Eers moet ons volk volslae staatkundige onafhanklikheid verkry en daarna sal hy in staat wees om sy blanke toekoms te beveilig.

### REPUBLIEK

Op 26 Maart 1952 was Die O.B. se leiding: „Die grondwetlike krisis moet opgelos word. Die enigste oplossing is om onder Brittanje uit te seil, 'n republiek uit te roep en 'n nuwe republikeinse grondwet daar te stel."

Weereens op 2 April het die O.B.-leier, mnr. J. A. Smith, verklaar: **„As daar ooit 'n dringende en onaanvegbare rede aangevoer kan word vir die omskepping van ons regeringstelsel tot een van 'n partylose republiek, dan is dit die toestand waarin die hantering van die kleurkwessie deur die partye ons politieke lewe nou voer."** En nou skryf ook Die Transvaler:

### NET EEN PAD

**„Daar bly vir ons net een pad oop.**

„Suid-Afrika moet hom eens en vir altyd bevry van die magte, binnelands sowel as buitelands, wat sy bestemming as volstrek selfregerende land in die weg staan, sy parlement aan bande wil lê, sy interne huishouding wil fnuik, en sy wil om blank te bly wil belemmer. **Dit kan ons alleen doen deur die knelterende grondwet te vervang, die heulers met verset en uittarting te verslaan, en die**

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)

**Tydens die O.B.-laertrek in Bloemfontein is hierdie foto geneem van drie van die leiers in opgewekte luim. Hulle is (van links na regs) mnr. J. A. Smith, waarnemende leier op daardie tydstip, prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad en mnr. J. G. S. Opperman, Gebiedsleier van Suid-Transvaal.**



# S.A. WEET NOU HY IS NIE VRY

**„Julle het gedink julle is vry en afhanklik, maar dit is nou duidelik dat die hand van die veroweraar nog swaar op jul koppe lê," het min. F. C. Erasmus verlede week op Vereeniging voor 'n konferensie van Jeugbonders gesê na aanleiding van die uitspraak van die Hooggeregshof dat die Hoë Hof van die Parlement onwettig is.**

Mnr. Erasmus het verklaar dat die hofuitspraak die horlosie van die geskiedenis 'n halwe eeu terug gedraai het. **„Die beslissing kom as 'n sware slag en beteken dat die vorm van vryheid wat ons nou geniet, 'n klug is. Die Suid-Afrikaner het gedink dat hy vry is, maar hy is nie.**

„Is die Vryheidstatuut dan met 'n slag om die arm aan genl. Hertzog gegee? het spr. gevra. Waarom is dit nie aan die Afrikaner gesê sodat hy nie al die jare 'n gek van homself gemaak het nie?

„Suid-Afrika weet nou hy is nie vry nie."

## Handel Neem toe met Swede

Daar is 'n groter handel besig om te ontwikkel tussen Suid-Afrika en die Skandinawiese lande. Suid-Afrika het verlede jaar goedere ter waarde van £1,285,700 van Swede af ingevoer, terwyl heelwat goedere, veral vrugte na Swede en ander Skandinawiese lande uitgevoer is. Skepe wat daarvandaan kom, gaan weer vol terug.

## Uitlatings Oor Republiek

**Verskillende uitlatings — meer en minder bemoedigend — is die afgelope week deur leidende politici gedoen.**

Dr. Malan het aan Australiese persmanne gesê dat die bereiking van 'n republiek een van die doelstellings van die Nasionale Party is, maar die republiek sal nie op die volk afgedwing word nie. Daar moet genoeg steun vir 'n republiek by die volk wees om dit veilig te stel.

Mnr. Ben Schoeman, minister van arbeid, het in Durban gesê dat ons „slegs 'n republiek sal uitroep as ons 'n opdrag van die groot meerderheid van die blanke bevolking gekry het. **Ek dink dat ons 'n meerderheid van twee-derdes van die blankes vir 'n republiek sal wil hê."**

Op die Verenigde Party-kongres in Pretoria het 'n afgevaardigde, mnr. B. Kloppers, gesê dat die republikeinse drang by „ons almal" bestaan en die Verenigde Party is net so 'n republikeinse party as die Nasionale Party. „Diep in die hart van die Afrikaner — en dit geld ook vir 'n groot gedeelte van die Engelssprekendes — bestaan daar geen twyfel nie dat 'n republiek sal kom — 'n republiek vryelik geassosieer met ander goedgesinde lande."

## *S.A. Jode te Gelukkig, sê Hoofrabbyn*

**„Ons het sekere lande van hul Jode leeg gemaak," het dr. Isaac Herzog, hoofrabbyn van Israel, in 'n personderhoud in Kaapstad gesê.**

**In Suid-Afrika en Amerika is daar egter nog aansienlike Joodse bevolkings omdat die Jode dit te goed het in dié lande, en die paar wat na Israel verhuis het, het dit vanweë idealistiese oorwegings gedoen, het hy gesê.**

Dr. Herzog het berigte ontken dat meer Jode Israel verlaat as wat die land binnekom.

In verband met die onderhoud van die Sabbat (Saterdag) het hy gesê dat daar op dié dag geen treine en busse loop nie. **„Dit het getoon dat die Sabbat in 'n hedendaagse staat wel geheilig kan word."**

## *„KAN WEELDE VAN PARTYPOLITIEK NIE LANGER VEROORLOOF"*

**„Ons sal onsself die weelde van partypolitiek, soos ons dit tot nou toe geken het en nog bedryf, nie veel langer kan veroorloof nie," skryf mnr. W. van Heerden, hoofredakteur van Dagbreek, na aanleiding van die ongehoorsaamheidsveldtog van nie-blankes.**

Mnr. Van Heerden beklemtoon dat die versetpleging nie teen die Nasionale Party se beleid (of slagspreuke) gemik is nie, maar teen apartheid as fundamentele beginsel, as hoeksteen van die Suid-Afrikaanse opset. Wat hulle op aandring, is die uitwissing van kleurverskil as sodanig in Suid-Afrika se politieke, ekonomiese en maatskaplike lewe.

„Hulle wil stemreg hê op gelyke voet met blankes! Hulle wil dieselfde wagkamers op stasies gebruik; dieselfde skole besoek, in die Langham-hotel tuisgaan, aan dieselfde vakbonde behoort. Hulle beweging is met ander woorde gerig teen die beginsel van kleurverskil waarop ons samelewing in die afgelope 300 jaar gebaseer was.

**„Die tyd vir ontvlugting is klaarblyklik verby vir partye sowel as vir individue. Om dié rede het ek al dikwels betoog, en herhaal ek, dat ons onsself die weelde van partypolitiek soos ons dit tot nou toe geken het en nog bedryf, nie veel langer sal kan veroorloof nie. Ons sal relatiwiteit in ag moet neem . . .**

**„ . . . 'n Billike oplossing sal sekerlik nie gevind word solank ons blankes enigiets wat voorgestel word vir politieke doeleindes onderling teen mekaar uitbuit, en sowel die nie-blankes as die buiteland onder verkeerde indrukke bring nie. 'n Billike oplossing kan net gevind word in doelbewuste medewerking met mekaar, en 'n doelbewuste medewerking met ons noordelike bure. As ons 'n billike oplossing wil vind — en dis die enigste wat 'n oplossing sal wees — sal ons hele politieke denke gereoriënteer moet word, en ons eie onderlinge verhoudings 'n ganse verandering moet ondergaan."**

DIE O.B., WOENSDAG, 10 SEPTEMBER 1952

# PERDE VOOR DIE KAR

Indien die uitgesproke verklaring van Die Transvaler dat Suid-Afrika se toekoms in 'n vrye republiek **buite** die Britse Statebond lê, die standpunt van die republikeinse vleuel binne die Nasionale Party vertolk, dan staan ons nader aan die samevloeiing van die republikeinse stroom, waarna sowel mnr. J. A. Smith as dr. F. D. du Toit van Zyl voorverlede week op Goodwood heengewys het. Dan begin daar weer eensgesindheid tussen republikeine te ontwikkel ten opsigte van een grondaspek van ons ideaal. En die feit dat hierdie standpuntverklaring gestel word as enigste oplossing uit die konstitusionele moeilikheid waarin die regering beland het, bied die verdere ligpunt dat daar moontlik nou by die fondamente begin sal word in plaas van by die dak.

Suid-Afrika se groot probleem is die gesonde reëling van kleurverhoudings, **en oor die aard van die reëling bestaan daar so 'n mate van eenstemmigheid tussen die groot gros blankes dat selfs die opposisieparty, wat deur die konstitusie geroep word om in alles diametraal teenoor die regeringsparty te staan, op papier dieselfde grondbeginsels van „afsondering" huldig, en gevolglik sy kritiek teen die regering noodgedwonge moet toespits op verdagmaking ten opsigte van 'n saak wat in geen verband met kleurwetgewing staan nie — Engelse regte!**

Die eerste stap in die rigting van 'n behoorlike kleurreëling moet dus vanselfsprekend wees die sameballing van alle blanke kragte wat oor die saak eenders voel, sodat enige maatreël wat geneem word die volle sanksie van die blanke volk agter hom het.

## HOE?

Hoe kan dit bereik word? Dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, het 'n „plan" aangekondig wat onder meer inhou „die samewerking van die blankes van alle partye met betrekking tot kleurprobleme." Die metode om die gewenste samewerking te verkry is dat die blankes „hul onderskeie partye moet dwing om die plan vir samewerking te steun en as die partye weier om dit te doen, moet hulle uit die partye bedank." **Dit is makliker gesê as gedoen. Nie een party sal toegee dat hy verantwoordelik is vir die gebrek aan samewerking nie, en die ondervinding het ons al geleer dat party-trou 'n sterker band is as landstrou. En as partyondersteuners dan nog op loop gejaag word met bewerings dat HULLE regte in gevaar is omdat „Kleurlinge se regte aangetas word," vereis dit geen sterk verbeeldingskrag om te besef dat van hierdie „plan" weinig tereg sal kom.**

Die advies van Die Transvaler is meer aanneemlik: **Hou op om te lap aan die lekkende dak en die ruitlose vensters; rig 'n nuwe staatsgebou op wat die grondslag sal lê vir samewerking tussen alle blankes deur verwydering van alle oorgeërfde strydpunte, die stopsetting van Britse inmenging en die beëindiging van daardie aanhanklikheidsgevoel ten opsigte van Brittanje wat ons Engelssprekende medeburgers kenmerk en sal bly kenmerk solank die gevoel bestaan dat Suid-Afrika 'n onderdeel van Brittanje is.**

## NOG MEER REDES

Dit is blykbaar wat Die Transvaler in gedagte het. Maar daar is meer grond vir hierdie standpunt as net bogenoemdes. Reeds voorheen het ons beklemtoon dat die Engelse in Suid-Afrika teen die Nasionale Party stem, hoewel hulle in hul harte met sy kleurbeleid saamstem, omdat hulle bang is vir sy republikeinse beleid, **en hulle is bang vir sy republikeinse beleid omdat die republiek onder aanstoking en skrikaanjaging van die opposisie en sy pers vir hulle 'n onbekende en onberekenbare spook is aan wie se willekeur hulle en hul kinders uitgelewer sal word. Met ander woorde, solank die republiek 'n IDEAAL bly, sal dit vir die Engelse 'n paaiboelie wees wat tussen hulle en ons staan. Daarom: bring die republiek ten spyte van hul senuweeagtige weerstand, toon aan hulle dat die werklikheid veel anders is as hul spookvoorstellings, en hulle sal dit aanvaar net soos hulle die erkenning van ons taal en 'n eie Suid-Afrikaanse vlag aanvaar het ondanks al die histerie.**

Maar dit sal nog nie genoeg wees nie. 'n Republiek met die Britse partystelsel sal nie net 'n onding wees nie, **maar sal die nuwe grondslag vir samewerking vernietig.** Nuwe geskilpunte sal weer in partyprogramme en verkiesingsmanifeste geformuleer word en nuwe agterdog en verdagmakery sal in die pers en op die verhoog gesaai word. Want 'n betaalde en amptelike opposisie MOET opponeer — en so suksesvol opponeer dat hy die bewind kan oorneem. Dit is immers die grondslag van die stelsel.

Nee, bring ook vir ons ons eie republikeinse regeringstelsel waar die president nie 'n rubberstempel van die regerende party is nie, maar waar hy onafhanklik van die volksraad sy uitvoerende raad kan saamstel uit die HELE VOLK en dus ook uit Engelssprekendes **omdat daar geen koukus-verantwoordelikheid sal wees nie, dog slegs presidentsverantwoordelikheid teenoor die volk, en departementele verantwoordelikheid teenoor die president. Met ander woorde, sodat 'n goeie Engelssprekende minister van arbeid of ekonomiese sake, sy bekwaamhede in diens van die land kan stel sonder om mede-verantwoordelik te wees vir naturellebeleid of buitelandse beleid, omdat iemand anders daarvoor**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**teenoor die president verantwoordelik is en laasgenoemde teenoor die volk, en nie teenoor 'n koukus waarvan hy en al sy ministers lid is nie.**

**Dan isoleer ons vraagstukke, en kan elke vraagstuk op verdienste aangepak word sonder dat mense teen jou moet stem omdat hulle van jou verskil oor ander sake — sonder dat E n g e l s e apartheidsvoorstanders teen apartheid moet stem omdat hulle teen moedertaalonderwys of bang vir hul taalregte is.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Geluk! O.B. se Hoofleiding*

„Ek wil die hoofleiding van die Ossewabrandwag gelukwens met die besluite wat op die Laertrek in Bloemfontein geneem is," skryf een van my lesers uit Wellington. „En boweal wil ek my waardering aan die leiers betuig vir die tegemoetkomende wyse waarop hulle opgetree het om wrywing in ons beweging te verhoed. Ek wil die leiers alle sukses toewens in die toekoms want hulle het 'n groot taak — ek wil dit 'n verantwoordelike plig noem — op hulle skouers geneem.

„Die nageslag sal hulde bring aan ons afgetrede A.K.G. en waarnemende leier, mnr. J. A. Smith en aan ons Kaaplandse leier, dr. Van Zyl. Ons kan hulle maar net admireer en waardeer en in ons harte vir hulle dank en vereer. Prof. Dirk van Rooy is hier by ons langs nie so goed bekend nie, maar nietemin het hy vir homself ons diepste respek en waardering verwerf.

„Twee gode kan en wil ons nie dien nie — die O.B. en 'n party nie. Daarom steun ons die leiers wat vra dat ons al ons trou en ondersteuning aan die Ossewabrandwag moet skenk.

### *Laat die Nuwe Blad maar verskyn*

„Wat moet ek sê van ons O.B.-blad en sy redaksie? Net maar dat hulle 'n plek in ons almal se harte verower het. En wanneer ons O.B.-blad nou herdoop gaan word, sal ons — en niemand moet ons dit kwalik neem nie — met 'n traan afskeid neem van **Die O.B.**, ons vriend van baie jare; maar wees verseker, ons sal met 'n glimlag van hoop sy opvolger verwelkom. Met 'n gevoel van tevredenheid en vertroue sal ons die redaksie van die nuwe blad Hoesanna! toeroep. En ons sal hulle krag en wysheid van Bo toebid want dit sal hulle grootse taak wees om die Laertrek se opdrag, insake die samesnoering van alle republikeine in 'n groot republikeinse front, uit te voer. Daarna sien ons almal reikhalsend uit.

„Ek word sommer haastig. Daarom wil ek al by voorbaat aan die hand doen dat mnr. Oswald Pirow se ‚Nuusbrief' in die nuwe blad opgeneem moet word, waardeur terselfdertyd die leserskring van die blad vergroot sal word, met bygevolg die verlening van noodsaaklike finansiële ondersteuning.

„Ek voel nou dat dit met ons en met die republiek wel is, want ons en ons ideaal is in die hande van die regte manne; en bowendien weet ek dat ons saak in die nuwe blad reggestel sal word. My wens is: Slaan vinnig en slaan hard — sodat ons eersdaags kandidate kan stel vir die partylose Suid-Afrikaanse Republiek, nie binnekant nie, maar buitekant die Britse Statebond."

### *Geen Salf aan Verenigde Party te smeer*

'n Leseres skryf aan my uit Port Elizabeth dat sy nie kan verstaan waarom enkele briefskrywers in Die O.B. beswaard voel oor die blad se kritiek op die politieke party wat deur dr. D. F. Malan gelei word nie. Sy skryf:

„Daar is mos geen salf aan die Verenigde Party te smeer nie, nog minder aan die Arbeidersparty en die Torch Commando. Soos ek dit verstaan, en ek is seker dat meeste lesers van Die O.B. dit ook so verstaan —kondemneer die Ossewabrandwag die beleid van die ‚Democratic Front' totaal en al. En daarmee basta. As dit verkiesingstyd is dink en praat ons O.B.-lede glad nie eers oor die moontlikheid om vir die Verenigde Party te stem nie. Ons doen dit net nie. So nimmer as nooit nie. En daarmee ook basta.

„Ons kondemneer en ignoreer die Verenigde Party. Is daar dan O.B.-lede wat so geïnteresseerd is in die Verenigde Party en sy handlangers dat hulle wil hê ons blad moet die party probeer regdokter? Ek kan dit nie glo nie.

### *Nasionaliste word verkeerd gelei*

„Ek beskou die Nasionale Party darem in 'n ander lig as wat ek die Verenigde Party beskou. Ek voel dat my mede-Afrikaners wat aan die Nasionale Party behoort tog maar dieselfde doel en strewe het as wat ek en my mede-O.B.-lede het. Ongelukkig word hulle vandag deur hulle koerante en hulle leiers op 'n verkeerde koers gelei. Terwille van die volk waaraan hulle en ek behoort en terwille van die bestemming waarheen ons volk moet beweeg, is ek (en my mede-O.B.-lede) bitter jammer dat hulle (ons mede-Afrikaners in die Nasionale Party) op 'n verkeerde pad gelei word. En ek beskou dit my plig is, en elke lid van die Ossewabrandwag se plig is, om hierdie mede-Afrikaners van ons te waarsku dat hulle op die verkeerde pad is en om vir hulle die regte pad aan te wys. As ons dit nie doen nie versuim ons ons plig.

„Met ander woorde. Ek glo dat daar nog salf aan die Nasionale Party te smeer is, want die party se lede is reg hoewel hulle leiers verkeerd is. Daarom moet daar gedokter word aan die Nasionale Party.

### *Partystelsel lei na nêrens*

„Solank as wat die leiers van die Nasionale Party hul volgelinge langs die weg van die partystelsel lei, moet Die O.B. daarteen waarsku want dit is ons plig om die goeie Afrikaners in die Nasionale Party tot die besef te bring dat hulle doel en strewe nooit of te nimmer verwesenlik sal word deur die partystelsel nie. Al lyk dit vir ons dat ons waarskuwings op dowe ore val en al word ons ook veroordeel weens ons waarskuwings, dan nog, en miskien te meer, moet ons aanhou met waarsku.

„En daar is so baie dinge waaroor ons ons stem moet verhef. Ek sal net 'n paar noem:

„Moet ons swyg as Nasionale Party-ministers ons vaderland vaster en vaster in die Britse Statebond weef op die Empire-konferensies wat hulle gedurig in Londen bywoon? As die O.B. vandag moet swyg dan het die ou Nasionale Party nooit die reg gehad om die Sappe hieroor te verwyt nie.

„Moet ons swyg as die Nasionale Party-ministers die opkomende Afrikanergeslag leer om tevrede te wees met 'n republiek binne die Britse Statebond? As die O.B. vandag moet swyg dan het die ou Nasionale Party nooit die reg gehad om die Sappe te verwyt omdat hulle die Britse konneksie wil handhaaf nie.

„Moet ons swyg as die Nasionale Party-ministers die enigste beleid — nl. algehele territoriale apartheid — wat uiteindelike gelykstelling tussen wit en swart kan verhoed, afskryf en verwerp omdat dit dan kwansuis onprakties sou wees?

### *Luide Alarm onder Mede-Afrikaners*

„Nee, juis omdat dit die Nasionale Party is — die party waaraan talle van ons mede-Afrikaners behoort — wat hierdie verkeerde dinge doen, daarom moet die Ossewabrandwag ernstig en dringend en aanhoudend daarteen waarsku. Ons is die brandwagte van ons volk en die eerste en luidste alarm moet ons maak in die kamp van ons mede-Afrikaners (in die Nasionale Party) wat per slot van sake tog maar saam met ons die gevare wat dreig moet en wil afweer.

„Wanneer ons die Nasionale Party kritiseer moet ons mede-Afrikaners in die party nie vir ons daaroor kwaad wees nie. Inteendeel hulle moet dit beskou dat ons hulle party voortrek bo die Verenigde Party, en daarom moet hulle ons goeie trou teenoor hulle aanvaar en ag slaan op ons opregbedoelde waarskuwings."

### *Tyd vir Vrye Handel is verby*

Een van my studente-lesers skryf om 'n basis van prysbeheer aan die hand te doen wat doeltreffender sal wees as die huidige basis. Hy sê:

„Die sigarette-klug het my opnuut oor prysbeheer laat nadink. Wyle mnr. Jannie Hofmeyr het in sy tyd al gesê dat prysbeheer en beheer in die algemeen gekom het om te bly. Ek glo ook dat die tyd van die vrye handel vir goed verby is. In die toekoms gaan beheer al meer en meer ingevoer word vanaf die primêre produkte tot by die afgewerkte fabrieksartikels.

„Indien beheer dan nodig is, en indien beheer soos dit vandag toegepas word nie 'n sukses is nie, dan moet daar tog vanselfsprekend verbeterde prysbeheer ingevoer word. Ek wil graag drie punte noem wat by 'n verbeterde prysbeheer-beleid in ag geneem moet word.

(1) „Maksimum-profyte op fabrieksgoedere moet vasgestel word;

(2) „Maksimum - profyte vir groothandelaars, met 'n gemiddelde maksimum winsbasis moet vasgestel word; en

(3) „Maksimum - profyte vir kleinhandelaars, met 'n gemiddelde maksimum winsbasis moet vasgestel word.

„Byvoorbeeld. Maksimum-profyte vir kruideniersware word op 25 persent vasgestel en gemiddelde profyte op 17½ persent. Dit sal aan elke winkelier die geleentheid bied om sy artikels te merk soos hy wil—wat speling vir handelsmededinging sal toelaat. Die kontroleurs moet dan net die winkel se pryslyste dophou om te verseker dat die gemiddelde toelaatbare profyt nie oorskry word nie.

„Dit sal die koste verbonde aan hedendaagse beheer geweldig verminder. Ek wonder of die betrokke minister nie so 'n prysbeheerbeleid sal uittoets nie? Probeer dit gerus."

# GEE KINDERS SE BROOD AAN NATURELLE

## GEVARE VAN EKONOMIESE INTEGRASIE

**In de tegenwoordige gedachtewisseling tussen voorstanders van algehele gelykstelling van inboorlingen met het blanke ras, diegene welke het inboorlingen ras een eigen land en beschaving willen geven en deze welke van de inboorlingen een minderwaardig industrieel arbeidsreservoir willen maken, valt het my op dat de voorstanders van het eerste en laatste systeem een biologies feit veronachtzaam. Daarom mag het niet misplaatst zyn om nogmaals myn artikel hetwelk in de Nuwe Orde van November 1946 verscheen te herhalen.**

Deur JOH. VAN RENSEN

Het is een histories en economies feit dat de hoeveelheid mensen welke kunnen leven in een land van bepaalde grote en vruchtbaarheid afhangt van hun beschaving, hun werkzaamheid en hun voorzorg. Indien zulk een land bewoond wordt door twee of meerdere rassen welker gehalte van beschaving, werkzaamheid en ondernemingsgeest groteliks verschilt, waar byna alle ondernemingen het gevolg zyn van de hogere beschaving en grotere werkkracht van het meest beschaafde ras, en de werkgelegenheden geschapen door de hogere beschaving van het economies hoger staande gedeelte der bevolking niet naar de werkers van dat hoger beschaafde ras gaan, maar gegeven worden aan leden van het minder beschaafde of onbeschaafde ras, **dan heeft dit onbeschaafd ras een gelegenheid om in bevolkings getal uit te groeien tot een mate welke onvereenigbaar is met het gehalte hunner ontwikkeling.**

### VERHOUDING VERSTEUR

**In de mate dat de werkgelegenheden, ontstaan door de hogere beschaving van het economies hoger staande deel der bevolking, ontnomen worden aan de werkkrachten van de leden van het beter ontwikkelde ras, kunnen de mensen dezer hogere beschaving in tyden van tegenspoed geen bestaan vinden in overeenkomst met hun hogere beschaving.**

Dit was de grondslag van het ontstaan van de „arme blanken" en de periodieke exodus van blanke werkers in tyden van economiese teruggang. **Dus, het verschaffing van werk veroorzaakt door een hogere beschaving aan naturellen wat behoort verschaft te worden aan blanke werkers omrede het een gevolg was van het beschavings peil der blanken, is een tweesnydend zwaard, het vermeerderd percents gewys het aantal inboorlingen en het verhinderd de vermeerdering van het blanke ras door emigratie.**

### SELFMOORD

Daar alles wat leeft zich vermenigvuldigt tot het uiterste bestaansmogelikheden, is het scheppen dezer mogelikheden door een hoog ontwikkeld ras ten behoeve van een laag ontwikkeld ras zelfmoord voor het hoger ontwikkelde. De ware positie en de onontkoombare gevolgen daarvan werden duidelik gezien door wylen Generaal Hertzog en zyn raadgevers, met het gevolg dat een afschydings schema (segregasie) tot stand kwam waardoor de euvels van het zamenleven van economies en kultureel verschillende rassen bedwongen kon worden. Onder de druk van fabriekanten en ander groot bedryf is heel wat water in de afschydings wyn gegoten. En nu is de afschyding van de baan geschoven door Generaal Smuts en zyn economies versteende raadgevers. Zy hebben nog een korten tyd te leven en wat na hun dood komt deerd hun niet zolang het tegenwoordige genoeg eer en profyt geeft.

### EEN UITWEG

**Daar is maar één uitweg. Geef de naturellen een gedeelte van het land, zorg voor besliste economiese afschyding en laat dan de naturellen hun eigen civilisatie uitwerken naar hun vermogen. De toekomst van Zuid Afrika toe te vertrouwen aan diegene welker uitzicht begrens word door de hoeveelheid profyt die in de tegenwoordige tyd gemaakt kan worden is het toppunt van dwaasheid.** Een voorbeeld van zulk een dwaasheid levert de Vereenigde Staten van Noord-Amerika. Door het doelwit „get rich quick" na te jagen is de teelgrond in het westen dermate uitgebuit dat het nu in een woesteny veranderd is, en al het extra profyt dat de grond uitbuiters gemaakt hebben moet door hun nageslacht in extra belasting opgebracht worden om het goevernement in staat te stellen de schade te trachten te herstellen.

### NOG ERGER

Maar de gevolgen van het gebruik van naturellen voor werkzaamheden welke uitsluitend teweeg gebracht worden door de beschaving van het blanke ras, en welke by natuurrecht behoren aan de werkers van dat ras, is nog veel erger. **Het kan niet hersteld worden, want het is het einde der blanke beschaving in Zuid Afrika binne de volgende 100 jaar.**

**De natuur kent geen liberalisme, geen demokratie en geen menslike rechten. Dat zyn slagwoorden van volksmeeners en politieke groepen verzot op macht en de voordelen daarvan. De natuur kent enkel mogelikheden onder condities geschapen door haarzelf. Wy kunnen Gods water over Gods akker laten lopen. Maar wy kunnen door dyken op te werpen Gods water uit onze akkers houden. Zo kunnen wy ook de vloedgolf van gekleurde en onbeschaafde rassen in Zuid Afrika beheren tot ons en hun voordeel. Het is nog niet te laat.**


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### DOODBERIG

ESTERHUYSE.—Sag heengegaan op Vrydag, 29 Augustus 1952 in die ouderdom van 65 jaar, ons innig geliefde moeder en ouma, Neetje. Soete herinneringe bly vir ons oor.—Die diep bedroefde kinders, Jan, Anna en Nella Nel, Patriotstraat 21, Paarl. 10/9/1

### TE KOOP

**Geskiedkundige sportsgeweer,** 11.2-mm. Mauser (Sauer) gebruik deur „Fasie" in Sangiro se „Op Safari." Ideaal vir grootwild vanaf koedoe tot olifant. Loop perfek, akkuraat. £55. 200 patrone vir £15. — **Jerling, His Majestys-gebou, Johannesburg.** 27/8/3

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**Gryshare en baard binne een maand** tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49


# Eie Tradisie in Hoë Kringe

**Mev. E. G. Jansen, eggenote van die goewerneur-generaal, het as beleid neergelê dat geen drank verskaf sal word op haar tuinpartye nie — net koffie en tee.**

Afgesien van die meriete van die saak, is dit verfrissend om 'n hooggeplaaste Afrikaner sy of haar eie tradisie te sien handhaaf, want die neiging om buitelandse gewoontes, en veral die Britse gebruike in ons land te volg, is so sterk dat ons openbare lewe grotendeels 'n stuk Britsheid is — en waar daar nog 'n Afrikaanse kleur aan gegee word, is dit gewoonlik 'n blote vertaling.

Die amp wat dr. Jansen beklee, is natuurlik Brits, maar sy lewenshouding kan darem Afrikaans bly. Net soos dit die gewoonte is in Brittanje dat die koning en ander hoë lui die Engelse perdewedrenne amptelik moet besoek, so word ons goewerneur-generaal hier in Suid-Afrika ook soms saamgesleep na die perdewedrenne — of moet ons sê „mode-parades?

Dit herinner aan wyle president Kruger se houding toe hy in Londen was. Die Engelse het hom ook die „eer" aangedoen om hom uit te nooi na 'n belangrike perdewedren, waar oom Paul geweet het dobbel die hoofmotief is.

„Nee dankie," was die bondige antwoord, „ek weet goed een perd hardloop vinniger as 'n ander."

# WIE IS HULLE?

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. Fred Hattingh, Ysterplaat, Kaapstad, skryf:**

Volgens 'n berig in Die Burger van 1 deser het een van ons ministers die volgende vraag aan sy gehoor op Vereeniging gestel nadat hy gesê het dat die uitspraak van Kaapse Hooggeregshof die volkshorlosie 'n kwarteeu teruggedraai het en die statuswet sowel as die statuut van Westminster tot bespotting gemaak het, „waarom het hulle dit nie vroeër gesê nie, dan sou ons ons nie tot sulke gekke gemaak het nie."

Hierdie vraag van die agbare minister het my só getref dat ek die ander minder belangrike uitlatings oor die terugdraaiery van die Suid-Afrikaanse staatshorlosie heeltemal links laat lê het. Wie is dan nou eintlik die mense wat kon verhoed het dat die agbare minister en sy kollegas „van hulle sulke gekke gemaak het?" soos die minister beweer. Seker tog nie die drie regters wat die beslissing gevel het nie? Want toe vyf senior regters dit op 20 Maart jongslede in hul uitspraak gesê het, het die minister dit blykbaar nie geglo nie. Daarom vind ek die vraag van die minister so uiters belangrik, want ek was eerlik onder die indruk dat op hierdie aarde niemand is wat die minister en sy kollegas sou kon oortuig dat dit 'n eerbare saak is vir 'n volk om sy grondwet te eerbiedig nie, en nou vra die minister ewe doodluiters: „Waarom het hulle ons dit nie vroeër gesê nie?" Dis om die minste daarvan te sê — verrassend!

Hoe dit sy, ons nasionaalgesinde Suid-Afrikaners is die minister besonder dankbaar vir sy openhartige erkenning wat hy op daardie vraag laat volg het, want dit beteken tog seker dat hy in die toekoms versigtiger sal handel, en hoewel die denkende deel van ons volk hartlik gelag het oor daardie terugdraaiery van die staatshorlosie, voel ons tog baie jammer dat ons ministers, wat honderdpersent uit Afrikaanssprekendes bestaan, hulle in so 'n onbenydenswaardige omstandigheid bevind. Daarom vra ek weer in belang van ons volk om die hele konstitusionele geskil in onomwonde taal aan die kiesers voor te lê en hulle te vra om mag tot wysiging van ons grondwet deur hul uitspraak te gee, dan kan daar nie langer geredekawel word nie. Is dit dan verstandig om met oop oë jou kop teen 'n muur te pletter te loop net omdat jou teenstander gesê het jy moet liewer in die wapad bly?

# Seewater Word Dalk Algemeen Gebruik

**'n Amerikaanse geleerde, prof. J. R. Smith, maak daarop aanspraak dat dit nou moontlik is om die sout uit seewater te haal teen sowat een-vyfde van die koste wat tot dusver daaraan verbonde was.** Navorsers van die Universiteit Harvard en van die Instituut van Tegnologie van Massachusetts het 'n nuwe suiweringstof, bestaande uit koolteer en petroleumprodukte, uitgevind wat meebring dat seewater al byna ekonomies vir nywerheids- en huishoudelike gebruike gesuiwer kan word.

Volgens dr. J. R. Smith behoort verdere navorsing dit moontlik te maak om seewater ook vir besproeiing ekonomies te ontsout.

**Op sommige plekke waar besproeiingswater duur is, sal dit dalk nou al goedkoper wees om liewer seewater te ontsout. Dr. Smith meen dat dit moontlik behoort te word om byvoorbeeld Australië se woestyngebied om te skep in 'n tuiste vir Europa se oorskotbevolking.**


SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**



# WESTE BOU VERDEDIGING OP VALSE GRONDSLAG

**Niks in die beleid van die Westerse moondhede tref die opmerksame waarnemer meer as die feit dat hierdie beleid nog steeds op verbeelding, vooroordele en valse hoop gegrond is, in plaas van op 'n realistiese samevatting van die werklikheid. So pas is die Amerikaanse volk verras met die aankondiging van Churchill dat Engeland se toegestane bewapening oor drie of vier jaar sal strek—en daarby is nog maar net die „strek" 'n sekerheid, en nie die bereiking van die oogmerk nie. Nog pynliker was die uitlating van die Franse minister van verdediging, Pleven (vader van die Europese Leër) dat Frankryk sonder nuwe Amerikaanse geldelike steun van meer as twee miljard dollar in plaas van die toegesegde een miljard nie in staat sal wees om die aantal divisies op die been te bring waartoe daar in Lissabon besluit is nie.**

Wanneer mens die diepere grond van Engeland en Frankryk se houding ondersoek, dan moet mens erken dat die nuwe „verrassing" slegs die voortsetting is van 'n verbeeldingspolitiek waarmee daar begin is: **Want nòg Engeland nòg veral Frankryk, het die begeerte om hul nasionale krag in diens van die stryd teen Rusland te stel — dieselfde Rusland met wie hulle deur vriendskapsverdrae verbind is! In eenvoudige taal: Net soos die ekonomiese toestand van Engeland en die geldelike posisie van Frankryk nie verbeter omdat hul bevolkings nie harder wil werk nie, net so kan en sal die papiervorms van die Atlantiese Verbond nie uitgevoer word nie omdat die volke van Engeland en Frankryk nie wil veg nie! (en dieselfde geld vir die Beneluxlande en Italië).**

### VERSKONINGS

Hierdie naakte waarheid wil die Amerikaanse politiek eenvoudig nie erken nie. En omdat hulle dit nie wil erken nie, word duisende en duisende verontskuldigings aangebied: „Engeland se dollartekort," „die groot opofferings van Frankryk in Indo-Sjina" (op koste van Duitse Vreemde Legioensoldate en Wes-Afrikaanse koloniale troepe!). Met roerende aanhanklikheid word die „verwoesting deur die Duitse besetting" in herinnering gebring, en die „verstaanbare uitputting van Engeland deur sy heldhaftige stryd teen Hitler" — **oeroue rommel van halwe waarhede waarvan die onjuistheid met 'n enkele blik op die Duitse en Russiese prestasies aan die kaak gestel word.**

Die verbeeldingsbeleid ten opsigte van Engeland en Frankryk word wesenlik ondersteun deur die diskriminasiebeleid ten opsigte van Duitsland en Spanje, wat in Washington onveranderd gebly het.

### KRAGPUNT

Elke nugtere oorweging van die werklike kragverhoudinge toon duidelik dat slegs 'n militêre verbond tussen Amerika en Spanje, Wes-Duitsland en Turkye (die natuurlike kragpiramiede van Europa) in staat is om die geslaagde verdediging van Europa (en daarmee van die oostelike oewers van die Atlantiese Oseaan vir Amerika) te verseker. Met 25 eersteklas (met behulp van Amerika) toegeruste Spaanse en Turkse divisies en 50 goed toegeruste Duitse divisies is Europa deur die kragpiramiede van Duitsland-Spanje-Turkye feitlik oninneembaar sonder dat 'n enkele Amerikaanse of Kanadese, ja

**Deur dr. Otto Strasser**

selfs Engelse soldaat in Europa gestasioneer word. Die oprigting en uitrusting van hierdie 100 divisies, bestaande uit gewillige en strydbare soldate, sou met behulp van die Marshall- en Nato-miljarde moontlik gewees het — en Engeland en Frankryk kon in ruil daarvoor rustig hul afgetakelde ekonomie en geldelike toestande opgebou het.

### HAAT

**Maar so 'n beleid wil Washington nie — en wil veral Londen en Parys nie! — want die beleid van die Westerse moondhede was en is minder deur die begeerte vir Europese veiligheid beïnvloed as deur die begeerte om Duitsland onder te hou (en Spanje uit te sluit). Alle politieke en militêre maatreëls van die drie Westerse moondhede sedert 1945 is deur so 'n sieklike haat jeens Duitsland en Spanje beheers dat dit elke daadwerklike weerstand teen Moskou in Europa uitsluit.**

Die pro-Westerse Bonn-regering in Duitsland gaan hiermee saam en sal dit ook nie waag om die Rheinbond-beleid aan 'n volkstemming te onderwerp nie. Bonn is so bang vir die aanstaande verkiesing dat hy die mees groteske verkiesingswet opstel ten einde die wil van die Duitse volk te vervals. En Bonn weet dat hierdie kaartehuis wat hy besig is om op te rig, ineen sal stort die oomblik dat die eerste windjie uit die Ooste daarteen aanwaai.

### ONWAARHEID

**Wat vanuit Duitse oogpunt so verbasend is, is dat die illusie van Bonn as sou die Westerse moondhede 'n verenigde en gesonde Duitsland begeer, geglo kan word. Tereg wys die Sosialistiese Party steeds weer daarop dat die Westerse moondhede hul beleid van 'n verenigde Duitsland kan begin deur die Saar en die „Grensherstellings" in die Weste terug te gee, veral daar Duitsland tans 'n „gelykberegtigde" bondgenoot van die Weste geword het. Die weiering om hierdie beroofde gebiede terug te gee, moet tog vir die blindste Duitser 'n bewys wees dat selfs die Westerse moondhede glad nie daaraan dink om die hereniging van Duitsland te weeg te bring of selfs maar toe te laat nie.**

### ILLUSIE

Daarmee verval ook die enigste argument wat Adenauer kon aanvoer vir sy Rheinbond-beleid: naamlik dat deur saam te gaan met die (oënskynlik) sterker wordende Weste die Russe „eendag" tot 'n vreedsame terugtog gedwing sal kan word asook die teruggawe van die geroofde Duitse Oostelike gebiede — 'n redenasie wat dag-in dag-uit herhaal word ondanks die onwerklikheid daarvan. Hierdie redenasie is òf 'n leuen òf 'n illusie van die begin, die „daagliks sterker wordende Weste," tot die illusie dat Moskou voor Eisenhower se spookleër sal terugval tot agter die Aeralgebergte sonder om selfs maar 'n poging aan te wend om hom militêr te verdedig!

### GELEENTHEID

Vir Duitsland beteken die verbondenheid aan die Westerse moondhede nie net die ewige skeiding tussen Oos- en Wes-Duitsland nie, maar dit beroof hom ook die geleentheid wat deels gebied word deur 'n botsing tussen die Angel-Saksers en Rusland en deels deur die vryheidstryd van die onderdrukte volke van die Britse en Franse imperialisme.

'n Blik op Egipte en Persië, op Morokko en Tunisië, en ook op Indië en Pakistan, op Birma en Indonesië, toon watter verreikende moontlikhede daar vir 'n egte Duitse beleid gebied word vir die hede en die toekoms. Al hierdie moontlikhede word die kop ingeslaan deur Wes-Duitsland se vaskoppeling aan Engeland en Frankryk. In plaas van so 'n beleid te volg wat aansluiting soek by alle vryheidsliewende volke — 'n beleid wat ekonomies en kultureel vir Duitsland ontsaglik veel kan beteken — koppel Adenauer Wes-Duitsland aan die haatbelaaide en stuiptrekkende koloniale stelsel van die Weste.

Die geskiedenis sal egter in die eerste plaas aan Washington die rekening voorlê vir 'n beleid wat met blinde hardnekkigheid vas gehou het aan 'n politiek wat gegrond was op illusie en gevoel in plaas van op nugtere feite.

## SKIEREILANDSE O.B.'s BELOOF £100 VIR NUWE BLAD

**Die groot mate van eensgesindheid en koersbewustheid waarin die Laertrek in Bloemfontein afgesluit het, het 'n aansienlike geesdrif in die Skiereiland aangesteek. Lede is vuur en vlam vir die toekoms en die generaalskap van mnr. J. A. Strauss het Vrydagaand tydens 'n tee-aand by die huis van mnr. en mev. S. J. Kamffer, Bellville, onderneem om £100 by te dra tot die fondse van die nuwe republikeinse blad wat eerlang sal verskyn.**

Meer as 30 mense was teenwoordig en nadat verversings bedien was, is 'n paar koeke opgeveil. Sommige het soveel as £1/1/- gehaal. 'n Bedrag van £8/10/2 is by die geleentheid ingesamel.

Na mnr. Strauss meedeel, is byna die helfte van die £100 reeds die aand daar by wyse van beloftes verseker.

## OOM KOOS VISSER

Een figuur het op die onlangse Laertrek die aandag van laergangers getrek. Dit was oom Koos Visser van Velddrift, wat ten spyte van hoë ouderdom en liggaamlike swakheid die hele afstand uit Kaapland afgelê het na Bloemfontein in 'n vragmotor. Oom Koos se standpunt was dat waar belange van sy volk op die spel is, daar moet hy wees solank hy nog kan roer. Ons hoede af vir oom Koos!

## Republiek Al Oplossing

(Vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**dooie hand van Britse verbondenheid van ons af te ruk.**

**„Hoe?**

**„Deur 'n vrye republiek, buite die Statebond, tot stand te bring."**

### STAATMANSKAP

Dit is te hope dat die regering die advies van Die Transvaler sal aanvoer, en die stuitigheid sal staak om voor te gee dat die volk se „vryheidstryd" geleë is in 'n stryd teen die geregshowe van die land en in die instelling van 'n Hoë Hof van die Parlement. Ons stryd gaan nie teen ons eie howe nie, maar teen die Britse grondwet en instellings.

Die weg van staatsmanskap — en die weg van vryheid—is die weg na die Republiek. Laat ons saam daarheen marsjeer!

## Afrikaners se Toegang na S.-Rhodesië Gehalveer

**Die Suid-Rhodesiese beperkings op die intog van Unieburgers het reeds soveel welslae behaal dat Britse immigrante gedurende Junie toegeneem het in vergelyking met verlede jaar se Junie-syfer terwyl die getalle van Unie-burgers met meer as die helfte gedaal het.**

Dit is die gevolg van die kwota-stelsel wat 'n paar maande gelede ingevoer is nadat in verskillende kringe besorgdheid uitgespreek is oor die sterk stroom Afrikaners wat Rhodesië binnekom en die gevaar van tweetaligheid wat later mag ontstaan.

Terwyl daar verlede jaar in Junie 708 immigrante uit die Unie die gebied binnegegaan het, was die syfer verlede Junie maar net 321. Daarenteen het die immigrante uit Brittanje van 443 tot 482 toegeneem.

---

'n **Lotussaad** wat meer as 2,000 jaar oud is, is deur 'n Japanese tuinkundige geplant en is besig om te groei, na hy beweer. Hy het die saad in die houtwerk van 'n prehistoriese kano gevind en dit sal later in die jaar blom.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

O.B. JAARGANGE

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

VOORRAAD BAIE BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

TERING MOOR

BESTRY TERING MET MUNT

SANTA

EMPIRE-GEBOU 209, JOHANNESBURG

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS

BEPERK

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad